

# St. Leonardus van Noblac

## 6 November

(6de eeu)

Hy was een van die gewildste heiliges in die Middeleeue en tog is daar min oor sy lewe bekend. Volgens oorlewering was hy ’n Frankiese edelman in die tyd van koning Clovis. Biskop Remigius van Reims onderrig hom in die geloof en doop hom. Hy wys ’n belangrike funksie aan die koninklike hof af om kluisenaar te word. Hy stig later ’n klooster in Noblac (vandag Saint-Léonard) naby Limoges. Baie wonderwerke is aan sy voorbidding toegeskryf. Sy wonderbaarlike bevryding van ’n man wat onskuldig in die gevangenis opgesluit was, lei daartoe dat hy vandag nog as beskermheilige van gevangenes aangeroep word.

© Die Oratorium Uitgewery